# 'n Paar Kykies in Marktstraat

In my besit is daar 'n medalje met 'n swart lintjie daaraan. Op die brons medalje is die beeltnis van Staatspresident S. J. P. Kruger en op die keersy staan: „Volkstem aandenken Begrafenis de Grote Afrikaner Paul Kruger, Pretoria Dec. 1904". En met die Dingaansdag 1904 begin vir my die eerste skemerlemier van my herinneringe van my geboortestad; en veral in besonder my geboortestraat „Marktstraat." (tans Paul Krugerstraat.).

Terloops het 'n eienaardige beeltnis van die begrafnis van Pres. Kruger my altyd bygebly n.l. dat die begrafnisstoet gegaan het verby die kerk op Kerkplein en dat die romp van die kerk daar gehawend gestaan het: Die toring was toe reeds afgebreek. Dit het vir ons voorgekom asof ook hierdie halfafgebreekte gebou in rou gedompel was. Vanaf die hoek van Schoeman- en Markstraat (aan die westekant), het dit gelyk asof die straat vas teen die kerkgebou loop. Links, op die hoek van die plein het die Goewermentsgebou (die huidige gebou) met die vryheidsbeeld bo op die toring en die Afrikaanse klok daarin, gestaan. Dit is nog, vir sover ek weet, die enigste klok in die wêreld vandag wat die tyd in Afrikaans aankondig n.l. half-tien i.p.v. 'n half-uur na nege. (Luister gerus wanneer u op Kerkplein staan!)

Regs op die hoek by Kerkplein was die drie verdiepings Grand Hotel met sy stoepe by elke verdieping. Glo my die ou Grand Hotel sou ons sommer baie stories kan vertel!

Op die oostelike hoek van Mark- en Schoemanstraat was 'n langwerpige, dubbelverdieping gebou. (In één van die bokamers is my geboorteplek).

Al die winkeltjies en winkels was voorsien van afdakke wat op yster pale gerus het.

Die straat was redelik breed maar ongelyk, stowwerig en in reëntye uiters modderig en glad. Daar was feitlik geen voetpaaie aan weerskante nie.

In die middel van die straat was daar 'n spoorlyn wat gedien het as baan vir die „paarde tram", 'n trem getrek deur twee perde. Die trem was oop en aan weerskante voorsien van treeplanke. Die banke van die trem was voorsien van verskuif- of oorslaanbare rugleunings. Voor en agter was 'n platform vir die bestuurder.

Eendag het my broer en ek resies met hoepels rondom die blok gejaag. Broer Andries was voor toe ons in 'n oostelike rigting Schoemanstraat deurgaan. Sy hoepel het egter vooruit geloop en bereik die hoek van Markstraat net op die moment toe die perdetrem daar aankom. Sy hoepel vang toe een van die perde net mooi om sy pote en daar lê die perd! Dat ons

soos groot spelde verdwyn en die hoepel in die slag gelaat het, spreek vanself.

Een Sondagmôre, net voordat ons familie soos gewoonlik kerk-toe sou gaan, het 'n reusagtige swerm sprinkane oor Pretoria getrek. In Markstraat het hulle enkeldiep opmekaar gelê soos 'n groot dik bruin tapyt. Dié oggend was daar (tot ons vreugde) geen kerk nie en kon ons na hartelus sprinkane vassteek op die ysterpenne voor die klein winkelvenstertjies op die hoek van Markt- en Pretoriusstraat (waar nou Savelkoul se gebou is).

My ouers het later oorgetrek na nommer 309 en was daar reg teenoor die kruidenierswinkel van Wulfse en Sievers (waar nou die nuwe regeringsgebou verrys op die hoek van Schoeman- en Paul Krugerstraat). Op 'n goeie dag was daar 'n groot opskudding in ons huis. Die jongste familielid, Chris, het soekgeraak. Na baie soek blyk dit dat die seuntjie kruip-kruip oor die straat gegaan het na Wulfse se winkel — daar was lekkergoed.

In ons nabyheid was nog 'n baie interessante hoekie, daar op die hoek van Skinner- en Marktstraat — die tuin van Perreira. Ons kinders het nooit sy naam geweet nie, maar wel dat dit 'n groot genot was om daar perskes te steel. En was hy 'n kwaai ou! (Die tuin is vandag nog daar!)

Ten slotte nog een hoekie, en wel daar waar die Nuwe Stadsaal nou staan. Op die hoek naaste aan die Z.A.S.M. geboue was 'n kerksaaltjie en daarlangs 'n groot maroelaboom (of was dit 'n wilde vyeboom?) In die saaltjie het ons kinders skoolgegaan en speeltye in die boom ons toebroodjies geëet. Daar, waar nou Pretorius se standbeeld sal verrys, het my vader twee erwe besit wat hy teen £5 stuk gekoop het. Later het hy dit teen £50 stuk verkoop en gemeen dat dit redelik was.

— Oom Henk.

# *FOUNTAIN LODGE*

THERE appeared in the July, 1953, issue of "Pretoriana" an interesting article by Dr. W. Punt on "Fountain Lodge" wherein it was stated that that house was built by Mr. Bras Pidade Pereira between the years 1865-1870.

It is, I think reasonable to connect this old Pretorian with the Bras Pereira who was a prominent Portuguese trader at Schoemansdal in the 1850's and 60's. He was probably still there in 1867 during the war with the Bavenda, when in July Comdt. Paul Kruger with a commando